# KENNUUS

TEL: 011 955 1074 / 1081 FAKS: 011 955 1075
Posbus 3100 Kenmare 1745
Webwerf: www.laerskoolkenmare.co.za

**JAARGANG 6 NUUSBRIEF 4 (1ste) 3 FEBRUARIE 2011**

## UIT DIE HOOF SE PEN!

### SKAAK – MAAK JOU SKUIF

Jare gelede het mense debatteer of skaak 'n sport of net 'n spel is…sport het die debat gewen, maar gelukkig speel baie mense nog die spel skaak sommer as ontspanning tuis. Hopelik speel baie van ons nog skaak tuis – dit bly 'n beter opsie as die lawwe TV-sepies [oeps, hierdie stelling kan ook seker 'n hewige debat ontlok].

Die langste skaakspel in die geskiedenis is blykbaar in 1989 opgeteken en het 269 skuiwe bevat en 20 uur en 15 min geduur. Die langste duur, in terme van skuiwe voor 'n stuk "geneem" is, was 31 skuiwe in 'n skaakspel in 1994. Die kortste spel in die geskiedenis het blykbaar in 1984 plaasgevind en het net drie skuiwe geduur. Reykjavik, in Ysland, is die gebied met die meeste "grandmasters" per vierkante meter. Daar is 8 "grandmasters" wat daar woon.

Persoonlik dink ek skaak behoort die eerste oefensessie van enige sportspan se ontwikkeling te wees [ja, rugby en netbal ingesluit…] Die rede hiervoor is dat skaak 'n mens leer dink, vooruit dink. Strategies dink, beplan, geduldig wees ens is alles kritiese komponente van enige sport en skaak kan, veral vir ons jong kinders, 'n baie waardevolle bydrae hiertoe lewer.

Hierdie skrywe rondom skaak is daarop gemik om bietjie grense te skuif. Skuif grense by die huis en speel skaak saam met u kind. Elders in die nuusbrief is daar verdere inligting aangaande die Skaak – Akademie.

Die doel met die akademie is om kinders wie in skaak belangstel, met al die fyner tegnieke ens, te leer speel. Die akademie sal vanaf Kenmare funksioneer. U is welkom om SJ Breytenbach te kontak om meer inligting te bekom. Huidiglik word beplan om die akademie Woensdae, vanaf 15:45 tot 17:45 [twee een-uur sessies] te laat funksioneer. Ons sal u op hoogte hou – geniet die skuif !

### GEEN FORMELE SKOOLDAG – MAANDAG 7 FEBRUARIE 2011

NEEM ASB KENNIS DAT DAAR GEEN FORMELE SKOOLPROGRAM OP <u>MAANDAG 7 FEBRUARIE</u> PLAASVIND NIE. DIE JAARLIKSE AFDELINGS-ATLETIEKBYEENKOMS VIND OP DIè DAG TE LIBANON ATLETIEKBAAN, BUITE WESTONARIA PLAAS. DIE MEESTE PERSONEEL IS BETROKKE BY DIE BYEENKOMS EN DAAROM IS DAAR GEEN AKADEMIESE PROGRAM NIE. KINDERS [GR 1 TOT 7] WAT NIE ATLETE IS NIE, IS WELKOM OM DIE DAG TUIS TE BLY. INDIEN DAAR GEEN TOESIG TUIS IS NIE, IS DIE LEERDERS WELKOM OM SKOOL TOE TE KOM, WAAR DAAR WEL TOESIG SAL WEES. DIT IS 'N NORMALE DAG VIR DIE KLEUTERSKOOL. U IS WELKOM OM ENIGE NAVRAE AAN

DIE ADMINKANTOOR TE RIG.

| | | |
|---|---|---|
| *3 Februarie* | *Donderdag* | ***Tennis: Jnr (14:00-15:00) Snr (15:00-16:00)***<br>***Atletiek: L/s Horison op H/s Noordheuwel se baan (15:00)*** |
| *4 Februarie* | *Vrydag* | ***Leiers: Raad-opleiding (Saal na skool) CvdW***<br>***Knikkiekoor (08:00-08:30)*** |
| *5 Februarie* | *Saterdag* | |
| *6 Februarie* | *Sondag* | |
| *7 Februarie* | *Maandag* | ***Tennis: Jnr (14:00-15:00) Snr (15:00-16:00)***<br>***Atletiek: Cluster-Byeenkoms te Libanon 09:00***<br>(GEEN FORMELE SKOOL)<br>***Rugby- en Netbaloefening begin vir NIE-atlete*** |
| *8 Februarie* | *Dinsdag* | ***Atletiekoefening (14:00)***<br>***Rugby- en Netbaloefening begin vir NIE-atlete*** |
| *9 Februarie* | *Woensdag* | ***Koor: (Jnr Oefening 07:30 – 08:30, Snr Oefening 14:00 – 15:00)*** |

ONDERRIGGELDE



**U het reeds verlede week 'n rekening vir Januarie & Februarie 2011 se Skoolgelde ontvang. Skoolgelde is vooruitbetaalbaar. Betaling moet asseblief geskied voor of op die 7de van die maand. Dankie aan al ons ouers wat so getrou en stiptelik betaal.**

**In terme van Afdeling 39 van die SASA is ouers aanspreeklik om verpligte skoolgelde te betaal. Net weer die bankbesonderhede:**

ABSA – KRUGERSDORP; TJEKREK.NO. 01099240152; TAKKODE: 632 005;
Naam: LAERSKOOL KENMARE, meld asseblief die verwysingsnommer: ( bv 3CRON04)

*PERSONALIA*



- *Baie geluk aan Mnr Paul (I T spesialis) met sy verjaarsdag op 9 Februarie. Ons wens hom 'n geseënde jaar toe.*
- *KURSUSSE BY DIE DISTRIK BYGEWOON*
- ***Intermediêre fase:** Afrikaans - C Mouton*
  ***Engels - P Laidlaw & L de Villiers***
  ***Wiskunde - S Verster, B Ferreira & C Swart***
  ***Gr 7: NW - A Burger***
  ***K & K - M Snyman***
- ***Grondslagfase: Lewensvaardighede - A Ferreira***
- ***Gr R Geletterdheid - Y Burger & Michelle Jooste***
- ***ECD (Early Child Development) - M Jooste, K Fett & C van Niekerk (by NWU)***
- *Sportvergadering - S Verster, H Lourens, P du Toit, A le Roux, K Rautenbach*
- *Netbal Alg. Jaarvergadering 2011 - H Lourens*

ANA (ANNUAL NATIONAL ASSESSMENT)

***Ouers moet kennis neem dat die graad 2 – graad 7 leerders vanaf 8 - 11 Februarie Wiskunde en Afrikaans (Gr 5 – 7) en Gesyferdheid en Geletterdheid (Gr 2 - 4) sal skryf. Dit is nie werk waarvoor die leerders hoef te leer nie.***

| GRAAD | VAKKE | DATUM |
|---|---|---|
| Gr 2 – 3 | Gesyferdheid | 9 Februarie |
| Gr 4 | Gesyferdheid | 8 Februarie |
| Gr 5 – 6 | Wiskunde | 9 Februarie |
| Gr 7 | Wiskunde | 8 Februarie |
| Gr 2 – 3 | Geletterdheid | 11 Februarie |
| Gr 4 | Geletterdheid | 10 Februarie |
| Gr 5 – 6 | Afrikaans | 11 Februarie |
| Gr 7 | Afrikaans | 10 Februarie |

# Danco Tennis Afrigting



- J ***Tennislesse vanaf R 200 per maand.***
- J ***Kinders vanaf vier jaar.***
- J ***Volwassenes ook welkom.***
- J ***As u 'n tennisbaan by die huis het, sal ek na u toe kom.***
- J ***Indien u nie 'n baan het nie, sal lesse in Kenmare area gedoen word.***

**Skakel Danco op 082 825 0565 vir meer inligting.**



*Juf Elsabe is opsoek na 'n pappa wat kan help met sweiswerk by vanjaar se Verrykingsklasse. Ons wil graag 'n vliegtuig bou.*

*Kontak asseblief vir Juliet by die kantoor indien u kan help – 011 955-1074*

*Baie dankie by voorbaat!*

## FUTURE GOLFERS

'Shaping Tomorrow's Players'

REGISTREER NOU & kry 'n "Complete Golfer" subskripsie vir 2011 !!

Begin die nuwe jaar op 'n sportiewe noot & skakel in by ons opwindende program wat die volgende bied:

* inleiding tot kompeterende gholf.
*met behulp van prettige speletjies & kompetisies word die regte tegniek & vaardighede aangeleer
* GHOLFSTOKKE EN ALLE TOERUSTING WORD VOORSIEN
* GEREELDE TOERNOOIE

SEUNS EN MEISIES TOT EN MET OUDERDOM 13 WELKOM

VIR MEER INLIGTING, KONTAK ONS BY:

info@futuregolfers.co.za | of **087 720 4653**

**Nicolene 083 298 9837**








**Daklekke,**
**herstelwerk**
**en onderhoud.**
**Kontak Frik.**
**082 8977 286**

Modelklasse by die Skool vir u gerief.
Klasse vind plaas op 'n Dinsdagmiddag om 14:50 tot 15:50. U kind is vir ons BELANGRIK en daarom streef en poog ons daarna om die BESTE in u kind na vore te bring en nie net oor modelwerk nie Teen die einde van die jaar sal u kan sien hoe u kind se selfvertroue verbeter het. Kursus sluit onder andere die volgende in :Modeltegniek, Houding en Postuur, Acting, Versorging en nog vele meer. Die koste van hierdie kursus is R200-00 Registrasiefooi wat (handleiding en Oxygen Models T-Hemp insluit) is R130-00 per maand.
Die handleiding bly die model se eiendom waaruit die model die hele jaar sal werk. Klasse begin amptelik die week van 31 Januarie 2011 waar inskrywingsvorms gegee sal word.
Klasse word in Afrikaans en Engels aangebied.
Vir enige navrae in verband met hierdie kursus, skakel my gerus.

Elmarie Welthagen: 082 563 4524 /



elmarie@oxygenmodels.co.za

## *VERKEERSREëLINGS*

- *U word herinner aan die klein hekkie in Frederick Cooperrylaan (aan die rugbyveld se kant). Dit sal beslis help om die druk verkeersvloei in Emdonstraat te verlig.*
- *Dubbelbaanverkeer in Emdonstraat, bied die geleentheid aan twee rye motors om onderskeidelik na links of regs uit te draai om te parkeer.*
- ***Ouers wat leerders net aflaai, moet asseblief gebruik maak van die "Drop & Go"-zone. (By die eerste klein hekkie by die pawiljoen).***
- **Geen parkering *voor die klein hekkie nie*.**
- *Busleerders verlaat die skoolgronde deur die klein hekkie / hoofhek en kruis die straat by die voetoorgang. (Skolierpatrollie)*
- *Busse parkeer in die kort straatjie.*
- *Ouers, al hierdie maatreëls is in belang van u en ons kinders. Ons hoop dat u dit so sal verstaan* ***en respekteer!***



# PRETLOOP!!!!

**Dit is met 'n vonkel in die oog, dat die** Sosiale Raad **elke Kennie en ouer uitnooi na ons "Honde Pretloop!"**



***Wanneer?*** ***Saterdag 19 Februarie***
***ar?*** ***Ons kom bymekaar op die A-rugbyveld***
***?*** ***8:30 vir 9:00***
***te?*** ***R20 per hond***



**Ons gaan 'n roete van ± 2 km stap, kom koop jou kaartjie by Juf. Pe[illegible]o of daardie oggend by die hek.**

- **Kinders moet deur 'n volwassene vergesel word.**
- **Alle honde moet aan leibande wees.**

**Daar sal ook pryse te wen wees. Alle gelde gaan aan FORA (Friends of Rescued**

Animals).






# KNIKKIES

# GR R - 2012

Is jou kleuter al ingeskryf?

Daar is net 'n beperkte aantal plekke nog beskikbaar! Om teleurstelling te voorkom, Kontak vir Magriet dringend - 011 955 1074!

*Die Kankervereniging CANSA vier 4 Februarie 'n Wêreld Kankerdag. Plakkers word teen R5 verkoop, ter ondersteuning aan alle kankerlyers. Die leerders mag dan Vrydag hulle nuwe MBK-hempies aantrek. Kom ons dink aan hulle wat deur hierdie siekte geraak word.*








***Net om te wys sommige van ons personeel is naweke BAIE besig! – geniet Juf Pauline!***



# SJ SKAAK – AKADEMIE

**3 keer Noord-Gauteng gespeel. 3 goue medaljes by SA Kampioenskappe, 3 keer agtereenvolgens aangewys as beste bord in SA kompetisie. 33ste in SA in ouderdoms-groep. Rig al ±5 jaar af.**

<u>WAAROM SKAAK?</u>

- *Verbeter jou Wiskunde. Toets dit gerus*



*na een kwartaal.*

- ***Verbeter jou konsentrasie en logika.***
- ***Verbeter jou geheue op radikale wyse.***
- ***Verbeter jou visualiseringsvermoë.***
- ***...en vele meer!!!***
- ***R200 per maand per kind!***

NAVRAE: S J Breytenback
082 563 3430



## EXCLUSIVE LOODGIETERS

*PERSOONLIK BETROKKE BY:*
*NUWE INSTALLASIES*
*GEYSERS*
*VERSTOPTE DREINE*
*GEBARSTE PYPE*

*SKAKEL JAN*
*083 626 6390*

